

POPIA
Protection of Personal Information Act
Wet 4 van 2013

Wat is POPIA?

Alle organisasies word i.t.v. nuwe wetgewing, die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) Wet 4 van 2013, verplig om alle lede/lidmate se toestemming te verkry om hulle persoonlike inligting te proses.

Dit sluit alle bestaande inligting en toekomstige insameling in. Dit beteken dat ons jou toestemming nodig het om:

- jou naam in die lidmaat-/doopregister te mag hê.
- jou naam op die siekelys te mag hê,
- jou naam op die verjaarsdaglys te mag hê
- jou naam of foto op sosiale media te mag gebruik,
- jou telefoon nommer te mag hê,
- jou selnommer op `n Whatsapp groep te mag gebruik,
- jou adres te mag hê.

NG Kerk Albanie as organisasie samel u inligting in en proses dit vir al die bogenoemde redes en vir kerklike gebruik en kerkstatistiek.

Ons het selgroepe waar lede van die sel se selnommers op `n whatsapp groep gebruik sal word.

Ons vra vir mense om vir jou te bid indien jy gebed nodig het.

Ons plaas soms getuienisse op kerkgroepe of Facebook. In so `n plasing mag ons moontlik jou naam of `n foto gebruik. Hierdie gebruik van lidmate se persoonlike inligting is van groot waarde vir ons as gemeente.

Impakassessering

Vir ons as gemeente beteken dit dat ons skriftelike toestemming moet verkry om alle bestaande en toekomstige lidmaatinligting te mag besit of aan te vra. Dit beteken niemand se besonderhede mag op die volgende maniere versprei word nie:

- Gebedslys
- Verjaarsdaglys
- Kalender
- WhatsApp groepe
- Sellyste
- Lidmaatskap-/doopregister
- Sondagskoolnaamlys
- Facebook
- Webwerf
- Nuusbrief
- Afkondigings
- Naamlyste

Prosedure handleiding

Ons as NG Kerk Albanie onderneem om die volgende inligting vir die aangeduide redes te proses:

Inligting	Rede en gebruik
Naam, Van, Geboortedatum, ID	Lidmaatskap-/Doopregister
Telefoon nommers, E-pos adres	Kommunikasie met lidmaat WhatsApp groepe
Fisiese adres	Besoek aan lidmaat

Foto's, stemopnames, video	Getuienis van lidmate Sosiale mediaWebwerf
Indiensnemingsrekord en vergoedingsinligting	Amptenare
Finansiële inligting	Amptenare
Opvoedkundige inligting	Jeugbediening

Onderneming

Ons as die kerkraad van NG Kerk Albanie onderneem om:

- Alle lidmate se inligting as vertroulik te beskou.
- Alle moontlike maatreëls in plek te stel om die veilige bewaring van die inligting te verseker.
- Geen inligting te versprei behalwe vir kerklike gebruik, of soos deur die wet anders bepaal, nie.
- Geen persoonlike inligting te verkoop of te versprei vir bemarkings doeleindes nie.

Definisies

1. NG Kerk Albanie bestaan uit:

- Amptenare
- Kerkraad
- Werkende personeel/vrywilligers in bediening. Dit sluit in:
 - Sondagskool personeel
 - Groepleiers
 - Koorleiers
 - Selgroepleiers

2. Kerklike gebruik word beskou as:

- Data gebruik vir kerklike statistiek
- Name op gebedslys
- Name op vejaarsdaglys
- Verjaarsdae op kalender
- Name/nommers gebruik in afkondigings
- Name op sondagskoollyste
- Name/nommers op kospakkielys
- Nommers op WhatsApp groepe